

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za
27 FEBRUARIE 2026 - JAARGANG 58-1714 R7.00 Inklusief
Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
25 Februarie 2026 - 35.42%
25 Februarie 2025 - 53.96%
Reënval vir die week:
Geen

Body Fuel EXPRESS
Purified Water
Ozomated / Reverse Osmosis

Dorpstraat, Vredendal
083 611 2867
* Refill station
* Water dispensers

Somerkoelte hou heel naweek makietie



Die optog deur Lambertsbaai.
Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf.

Lees binne:

Bekende onderwyser lê tuig neer
bl 3

Tweekamp atlete deur na SA's
bl 7

Resiesbloed loop deur sewejarige
bl 8

Weervoorspelling vir die week

Don. 26/02	Vry. 27/02	Sat. 28/02	Son. 01/03
 11°/29°	 12°/32°	 14°/29°	 12°/29°
Ma. 02/03	Di. 03/03	Wo. 04/03	Inligting verkry vanaf AccuWeather 25 Febr. 2026
 14°/33°	 12°/34°	 14°/32°	

MASKAM CASH
Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249
Kort op kontant? Ons kan help!

Straatfees ten bate van Huis Matzikama
7 Maart 2026 • 9:00

Rou vleis, braaivleis, poedings, slaai, Koektafel, koekies en beskuit, pannkoek, kindertafel en nog vele meer.

Kom geniet hierdie heerlike oggend saam met ons!

LANDPLAAS GELOOFS POTJIE ETE
7 MAART 2026

Kom geniet 'n feeslike potjie-ete saam met ons. Goeie kos en lekker kuier wag!

Geen kaartjieverkope nie
Bring gerus 'n koevertjie met 'n bydrae saam om jou dankbaarheid te toon.
Onthou om geld saam te bring vir die veiling.
Bring jou gunsteling drankie en kom kuier saam vanaf 17h00

Hoender Pot
Skaap Vleis pot
Kerrie Afval Pot
Rys
Stamp
Koring
Soet Patat
Potbrood
Basaar Poeding

Farmers Market at Matzikama

SAT. 28 February 2026
10am - 3pm
BACKGROUND MUSIC

Fresh Oysters | Bar | Wine Tasting
Pancakes | Jaffels | Boerewors rolls
Preserves | Pottery | Parka Jackets
Wooden Toys | Fresh Local Produce
Home-Made Bread | Tripe
Jumping Castle & Kids Playground

Wêreldbiddag vir Vroue

5 MAART 2026

NG Clanwilliam
18:30 vir 19:00

"Kom ek sal vir julle rus gee."
Matt 11:28

AKTUELE NUUS



Konstabel Jessie Filander, adjudant-offisier Van Rhyn, konstabel Horne, konstabel Filander, sersant Farmer en konstabel JM Filander. Foto: Verskaf.

Skofte slaan toe op dwelms

Berig: Adjudant-offisier Davids

VANRHYNSDORP: Die afgelope naweek het Vanrhynsdorp SAPD se Skof A en C seker gemaak dat dwelms geen plek in die gemeenskap het nie. Hierdie twee skofte was verantwoordelik vir die arrestasie van ses verdagtes vir onder andere Handel in Mandrax, Besit van Mandrax, Besit van Tik en Besit van Dagga. Hierdie groepie toegewyde lede het hul alles gegee en selfs meer om die verdagtes vas te trek. Die boodskap is baie duidelik, die gemeenskap moet nie inligting van die SAPD weerhou oor dwelm-aktiwiteite nie en definitief nie die dwelm-


handelaars versteek vanweë monetêre vergoeding wat belowe word nie. Die verdagtes is voor die hof gedaag, maar bly in aanhouding vir 'n formele borgeansoek. Die stasiebevelvoerder, kaptein Gerrit Ludick het die lede bedank vir hul uitnemende werk. Die SAPD vra ook die gemeenskap om hul by te staan en nie teen te staan as hierdie booswigte die dorp probeer oorneem nie. "Saam kan en gaan ons Vanrhynsdorp veilig hou," aldus adjudant-offisier Davids.

Dwelmsmouse vanaf Kaapstad vasgetrek

Berig: Kaptein Ludick
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Sersant Mario Filander en konstabel Furnill Filander van Vanrhynsdorp SAPD het Sondag, 22 Februarie inligting ontvang van twee mans wat met 'n taxi op pad is na Vanrhynsdorp met 'n besending dwelms. Die inligting is opgevolg en die twee lede het die taxi soos beskryf voorgelê by Shell Garage in Vanrhynsdorp. Die twee mans is gewaar nadat hulle afgeklim het en is in Van Riebeeckstraat gevisenteer met hul toestemming. Die een man, van Vanrhynsdorp is in besit gevind van 28 Mandrax-tablette en die ander man vermoedelik van Kaapstad, het na bewering niks op hom gehad nie. Met verdere ondersoek is nog 72 Mandrax-tablette bestaande uit ses stafies met 12 tablette elk in besit van die een verdagte gevind. Hy is aangekeer met 100 tablette en is aangekla vir Handel in Mandrax. Die verdagte het op Maandag, 23 Februarie in die hof op Klawer verskyn en is in hegtenis in Vanrhynsdorp Gevangenis tot en met sy volgende hofverskyning op 11 Maart. Sy vorige borg is verbeurd

verklaar en hy sal in hegtenis bly tot en met vonnisoplegging. Enige inligting vanaf die publiek kan met hierdie twee beamptes van Vanrhynsdorp SAPD gedeel word en sal as vertroulik hanteer word. Groot belonings vir sodanige inligting word aan beriggewers uitgelooft.



Die Mandrax-tablette.

Fransman lê beslag op drank

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Konstabel FA Fransman was op Saterdag, 14 Februarie om 18:50 besig om onwettige drankpersele te sluit, toe hy opmerk dat 'n verdagte drank verkoop sonder 'n wettige lisensie. Fransman het die verdagte gearresteer vir onwettige handel in drank. Die persoon is na die SAPD kantore geneem vir prosesering. Die dossier is aan speurder-adjudant-offisier A Koopman oorhandig vir verdere ondersoek. Koopman het die verdagte ondervra en hy moes die boete teen 18 Februarie betaal of in die hof verskyn. Die verdagte het 'n afkoopboete van R1 500 betaal. Die drank is verbeurd verklaar en die SAPD het dit vernietig.

Die drank waarop konstabel Fransman beslag gelê het.



Veediewe loop rieme styf

Berig: Kaptein Ludick
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Na bewering is daar Vrydagnag, 20 Februarie op een van die nabygeleë plase 'n skaap geslag. Die eienaar was salig onbewus toe die twee briljante polisiemanne van Vanrhynsdorp SAPD, sersant JM Filander en konstabel FJ Filander (foto regs) inligting rakende die slag ontvang. Hierdie inligting is deur die twee lede opgevolg en 'n hele dag en 'n nag van werk daaraan, het gelei tot die arrestasie van 'n 42- en 24-jarige man. Van die geslagte vleis is teruggevind en daarop beslag gelê. Die oudste verdagte is 'n bekende in slagkringe en het al straf uitgedien vir veediefstal. Beide van hulle het op Maandag, 23 Februarie in die hof op Klawer verskyn en is tans in hegtenis te Vanrhynsdorp Gevangenis. Hul volgende hofverskyning sal op 2

Maart wees. Die eienaar van die skaap, wie tans die afgelope tyd gebuk gaan onder hierdie verliese, was vol lof vir hierdie twee lede en het sy dank uitgespreek teenoor kaptein Ludick vir hierdie twee lede se vinnige en flinke diens, asook hul positiewe bydra in die saak. Kopers van sodanige gesteelde vleis word ook gemaan, daar sal teen hul opgetree word.



Vrou aangekla van onwettighede

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Terwyl konstabel JI Cloete op Saterdag 14 Februarie om 20:50 besig was met patrollie in 'n bekende gebied, het hy 'n vrou opmerk wat onwettig drank vanuit haar huis verkoop. Cloete het die vrou gearresteer vir onwettige handel in drank. Die dossier is aan speurder-adjudant-offisier A Koopman oorhandig vir verdere ondersoek. Koopman het die vrou ondervra en 'n waar-

skuwingsdokument voltooi wat in haar dossier geplaas is. Sy is aangekla en vrygelaat. Sy moet teen 22 April die boete betaal of op 24 April in die hof verskyn.

Bo is die drank waarop beslaggelê is.



PROTEA DRUKKERY

Ons ontwerp en druk enige boeke

* Self-deurslagpapier

* Kwaliteit drukwerk & betroubare diens.

Vir 'n gratis kwotasie, kontak ons gerus.

Centralstraat 8, Vredendal • Tel: 027 213 2074
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com



HOOF NUUS

Geliefde onderwyser lê tuig neer Somerkoelte vier 'n groot mylpaal

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Na 40 geseënde jare, het Fanie Loubser die onderwys tuig neergeleë. Loubser kom uit 'n onderwyshuis, sy ouers, broer en suster was almal onderwysers en dit het 'n groot invloed op sy beroepskeuse gehad.

Hy het vir drie jaar in Aberdeen skoolgegee en die laaste 37 jaar by Hoërskool Vredendal. Dié skool het Vrydag, 20 Februarie een van die gange aan Loubser opgedra, wat nou bekend staan as Loubser Laan, nie net vir sy bydra tot Afrikaans in die skool nie, maar ook sy pa, Hein se bydra vanaf 1947 tot 1978.

Hy sê een van die grootste veranderinge in die onderwys die afgelope 40 jaar, is vir seker die tegnologie. Hy sê die leerders se selfvertroue het ook verander. "Hulle is baie meer bewus daarvan dat hulle 'n stem het. Soms effens arrogant, maar so noodsaaklik."

Loubser onthou nie meer die eerste dag wat hy voor 'n klas gestaan het nie, maar hy onthou die eerste tyd was hy baie onseker. Hy sê 'n graad kan nie 'n persoon voorberei vir die werklikheid van 'n klaskamer nie. "Dit was werklik 'n geval van aanhou swem en kop bo hou."

Die waardevolste deel van sy loopbaan is die feit dat hy as onderwyser menswees op so baie vlakke kon ervaar. In die klas én buite. Ook in die gemeenskap. "Dit is soos ek by my voorgangers geleer het, hoe dit moet wees. Dat ek kon skoolhou saam met besonderse mense. Kundiges wat my lewe verryk het," aldus Loubser.

Hy dink die oomblikke wat vir hom die meeste uitstaan, was alles rondom die destydse kadetorkes. Al die kompetisies, die stap deur die strate. "Die orkes was vir my altyd baie spesiaal. Ure se harde werk met talentvolle kinders was baie bevredigend."

Loubser sê oor die jare het hy skitterende leerders voor hom gehad. Akademies en andersins. "Kinders wat kon redeneer met insig en kennis. Kinders met 'n eie stem. As jy bereid was om te luister, kon jy baie leer. Ek dink kinders het my gehelp om te besef dat die wêreld baie meer grys as wit en swart is."

Die prestasie waarop hy die trotste is, is dat hy in 40 jaar nooit 'n druipeling gehad het nie. Hy het gelukkig besef dat die sukses in matriek ver terug in die laerskool begin. Dan ook die prestasies van die orkes, WP-kampioene en drie keer na die SA's. Dit was vir hom baie spesiaal.

Hoe het Loubser die gemeenskap deur die leerders sien verander? "Wel, wat verander het, was die "skanse van die vel" wat geval het. Dit het ons almal se oë oopgemaak vir die briljante kinders wat ons nooit voorheen geken het nie. Om te sien dat kinders grootmense word wat die

dorp dryf en hulle plek behoorlik volstaan, is ook lekker. Jy weet, die skool is groot in omvang, maar daar is baie kinders wat spesiaal is wat onder die radar beweeg omdat geen skool vir elke behoefte voorsiening kan maak nie. Om dan te sien hoe daardie kind sy of haar plek in die samelewing vind en volstaan, laat jou besef dat daar waarde in ons almal is," vertel hy.

Sy filosofie vir sy klaskamer was om met respek deur die lewe te gaan. "Ek dink ook Opperman se woorde: "gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen, besef jy is 'n vegter van die begin, alleen" was ook maar altyd in my gedagtes."

Loubser dink iemand wat passievol is oor sy vak, maar nie te slim vir die kinders nie, maak 'n goeie onderwyser. Hy kan met eerlikheid sê dat hy lief was vir sy vak en nie te slim nie. "Om die individu in elke kind raak te sien sonder om universele waardes te laat gaan. Ek dink inkort, die lewe van 'n onderwyser is die duisend kleure van grys, nie wit en swart nie."

Van die uitdagings wat hom vandag in die onderwys bekommer, is dat mense al minder word. Hy sê seuns soek rolmodelle en hulle raak min. Verder onderwysers wat nie meer so maklik vir bevordering skuif nie, "want ook die vrou se werk moet vervang word. Kunsmatige intelligensie wat nie reg aangewend word nie, kan 'n groot probleem raak. Skakel jy eie denke uit, skep jy 'n wêreld wat onwaar is. Die feit dat die maatstaf van suksesvolle opvoeding so deur blote matriekuitslae gedryf word, is vir my ook maar hinderlik. Ek weet uiters belangrik, maar oor die jare het ek talle voorbeelde gesien van gemiddelde akademiese kinders wat briljant eindig omdat hulle, hulle plek gevind het."

Hoe voel dit om af te tree? Hy sê die kol op sy maag as hy skool toe stap, is weg, "so dit is glad nie sleg nie." Wat hy die meeste sal mis is definitief sy vak, Afrikaans Huistaal wat hy sy hele loopbaan vir graad 10 tot 12's onderrig het. Ook die feit dat hy deel was van 'n besonderse groep mense, kinders.

Loubser sê om eerlik te wees sien hy uit na die stilte. "Ek sal nooit enige kind wat hulp soek wegwys nie, maar ek is redelik seker my tyd in die onderwys het uitgeloop. Op Hoërskool Vredendal sal ek egter nooit my rug draai nie. Die lewe gebeur nie altyd soos ons dit wil hê nie, so 'n mens weet nooit..."

As hy kon teruggaan in tyd, sou hy weer onderwys kies, en miskien radio as alternatief. Sy raad aan onderwysers wat nou die beroep betree: "As jy nie daar wil wees nie, loop vroeg. Twee ore en een mond. Luister baie en vind jou eie stem."

Hoe wil Loubser onthou word? "As ek my broer mag aanhaal: "Meneer het maar net probeer."

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: Die ACVV Somerkoelte Tehuis in Lambertsbaai het op 14 Februarie 'n goue mylpaal behaal met hul 50ste bestaansjaar.

Die eertydse presidentsvrou, Tienie Vorster, het op 14 Februarie 1976 die tehuis geopen. Deur die jare het Somerkoelte gegroei en uitgebrei en nou 50 jaar later staan dit sterker as ooit. Die tehuis huisves tans 65 inwoners waarvan 42 verswak is en van SASSA subsidies afhanklik is. Dit is dus nodig dat Somerkoelte gereeld fondsinamelings hou wat aangewend kan word vir instandhouding van die fasiliteite om 'n veilige tuiste vir die inwoners te skep.

Die afgelope naweek, van 20 tot 22 Februarie het die tehuis 'n feestelike naweek gevier wat baie goed bygewoon is en 'n groot sukses was. Die vieringe het reeds Vrydagagaand met 'n vingerete vir genooide gaste, wat saam met die inwoners gekuier het, begin. Wikus van der Merwe was die seremoniemeester. Mariët Groenewald, voorsitter van die huidige beheerraad het die besoekers toegesprek en Augusta Nel, eerste voorsitter van die tehuis se beheerraad, was ook 'n spreker. Nel is 93 en haar suster, Sibs Vorster is tans 'n inwoner van Somerkoelte. Belinda Mostert, direkteur ACVV hoofkantoor, Ida Nel, ACVV hoof van ouer persone en Michelle Schippers van DSD het op hulle

beurt ook elk 'n kort toespraak gelewer.

Saterdag het Somerkoelte basaar gehou. As deel van die oggend se aktiwiteite was daar 'n optog deur die woongebied Veteraan trekkers en ou motors het vana die tehuis tot by die munisipale kara vanpark en weer terug beweeg. Inwoners, personeel en persone wat wou kon saamry of agterna stap. Saterdagagaand is die dag afgesluit met 'n dans by Sir Lambert's Landgoed. Hugo Louw en sy orkes, plaaslik baie gewild, het musiek gemaak.

Tydens die vingerete, basaar en dans het Somerkoelte hul Gedenk Reseptebok bekendgestel. Die boek bevat 'n kort opsomming van hoe die tehuis tot stand gekom het. Verder is dit vol resepte uit die omgewing. Die resepte is deur die huidige inwoners, oud-inwoners se families en personeel verskaf. Persone wat belangstel in 'n kopie, kan die kantoor skakel by 027 432 1150 gedurende kantoorure voor 28 Februarie. Die boek met 'n sagte glansbuiteblad se koste beloop R300.

Sondagoggend het die inwoners- en personeelkoor by die nagmaaldiens in die NG Kerk Lambertsbaai gesing. Somerkoelte is baie dankbaar vir al die ondersteuning wat hulle van die inwoners, families, vriende, bestuur en personeel ontvang het.



Agter is die huidige voorsitter van Somerkoelte beheerraad, Mariët Groenewald. Voor is Augusta Nel, eerste voorsitter van Somerkoelte beheerraad en Belinda Mostert, direkteur ACVV hoofkantoor.



Fanie Loubser saam met leerders in Loubser Laan.

Huis Muller
FONDSINSAMELINGSDANS

BRAAIVLEIS-ETE EN DANS MET
DIE BROERS

DATUM: SATURDAG 28 FEBRUARIE 2026
PLEK: AUGSBURG LANDBOUGIMNASIUM SKOOLSAAL
TYD: 19:00

KOSTE: R250 PER PERSOON
KINDERS ONDER 12 JAAR:
R100 PER KIND
BRING JOU EIE "COOLER"
@ R150 PER "COOLER"

BESPREEK NOU JOU KAARTJIE BY:
ERNA ☎ 063 174 2891

Maskam Water

Hou jou tuin in goeie toestand, selfs gedurende die water beperkings. Met behulp van 'n Maskam Gryswater Stelsel kan jy al jou gryswater hergebruik vir 'n prag somer tuin.

- Huidige model is in gebruik sedert Januarie 2016
- Ingeboude filter verwyder wolletjies en hare, wat verstopping van sproeiers verhoed
- Gryswater word behandel voor gebruik.

Vanrhynsdorp
Tel: 083 305 5233
Epos: hennie@maskam.co.za

Olive str, Vanrhynsdorp

- GEEN slegte reuke nie.
- 100% tevrede kliënte tot op datum.

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

CITRUSDAL:

Cederberg Landbou Expo
Colour run
Saterdag, 28 Februarie
Wegspring - 07:00
by Citrusdal Sportgronde

VANRHYNSDORP:

Compassion 4 PAWS
Potjiekos kompetisie
Saterdag, 28 Februarie
by ZAR restaurant, 08:00 - 15:00
Navrae 081 544 7333

LAMBERTSBAAI:

Farmer's Market
Malkoppan, 10:00 - 15:00
Saterdag, 28 Februarie

CLANWILLIAM:

Huis Muller fondsinsamelingsdans
met Die Broers
Augsburg Landbougin-
nasuim skoolsaal - 19:00
Saterdag 28 Februarie
Navrae 063 174 2891

Wereldbiddag vir Vroue
5 Maart

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Gee aan God wat aan Hom behoort

Skrifgedeelte: Matteus 22:15-22

Fokusgedeelte: Matteus 22:21 "Hulle antwoord Hom: die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom." (Afrikaanse Vertaling 1953)

Dit is die Dinsdag, drie dae voor die kruisiging, die dag van vroeë. Die Herodiane en Fariseërs vra of hulle belasting moet betaal of nie? Die vraag is nie so onskuldig nie. Die Fariseërs was konserwatief en het streng volgens die wet van Moses geleef. Die Herodiane het weer hulle siele aan Rome verkoop. Die groepe het anders oor die betaal van belasting gedink. Dit maak dus nie saak wat Jesus antwoord nie, Hy sal een van die twee partye se kant moet

kies. As Hy "Ja" antwoord, dan gaan die Jode Hom haat, en as Hy "Nee" antwoord, gaan die Romeine Hom haat.

Dit is belangrik om te weet dat die Jode gewoond was om belasting te betaal, solank as wat dit vir God se eer aangewend was. Die probleem kom dus dat die belasting gehef word deur 'n sekulêre staat wat die belasting suiwer aanwend vir hulle eie belange, primêr militêre mag. Vir Israel was die betaal van daardie belasting die simbool van hulle onderwerping aan die Romeinse Ryk. Op die muntstuk was die gesig van Tiberius en die titel *Keiser Tiberius, seun van die goddelike Augustus*.

Let op Jesus se antwoord deur 'n vraag te vra. "Waarom stel julle vir My 'n strik? ... Wie se kop en naam is hierop?" Dit is die

keiser se gesig. Jesus sê aan hulle: "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort." Die woorde bevat 'n morele komponent om die regte ding te doen om terug te gee wat geskuld word. "Gee ... aan God wat aan Hom behoort." Hierdie, is by verre die groter verpligting. Julle moet ook aan God gee, 'n antwoord op 'n vraag wat nie gevra is nie. Jesus trek hiermee die verhouding tussen beeld van die keiser op die munt en die beeld van God op die mens. Daar waar die beeld afgedruk is, is daar 'n morele verpligting om terug te gee wat aan Hom behoort. Dit is jou lewe. Betaal belasting en weet ook dat Christus die beeldskap herstel sodat jy jou lewe as 'n lewende en heilige offer vir God moet gee.

Dominee CB Robinson

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Tuinbouvereniging 'n Nuwe seisoen van volhoubaarheid, eenheid en gemeenskapsbou

Berig: Verskaf

LUTZVILLE: Vredendal Tuinbouvereniging se tweede vergadering vind plaas op 4 Maart om 10:00 by NG Lutzville kerk-saal.

By hierdie geleentheid sal Kobus Steenkamp, ingenieur by LORWUA, die dames inlig rakende die verhoging van die Clanwilliam damwal, wat tans aan die gang is. Enigiemand is welkom om die vergadering by te woon en aan te sluit by die Tuinbouvereniging. U word versoek om Hannelie von Nieuwoldts, voorsitter, te kontak by 083 312 6404. Die vereniging moet reël dat elkeen van 'n sitplek verseker is. Vredendal Tuinbouvereniging streef Christelike beginsels na.

SAPD besoek leerders

Berig: Adjutant-offisier Davids

VANRHYNSDORP: Verlede week het Vanrhynsdorp SAPD die leerders van Hoërskool Vanrhynsdorp besoek.

Adjutant-offisier Virgil Davids het spesifiek met die graad 8 leerders gesels oor die gevare van dwelms, afknouery, dampstoestelle, rook en geweld.

Die leerders het die interaktiewe gespreksvoering geniet en van hulle wil hê dat dit meer gereeld moet plaasvind.

Davids het hulle ook sterk vermaan om nie hul omstandighede te blaameer vir ongedisiplineerde gedrag wat in direkte kontras staan met die hoë waardes van die skool nie.

Die waarnemende skoolhoof, Altus Smit het die besoek verwelkom en heelhartig saamgestem dat Hoërskool Vanrhynsdorp nee sê vir afknouery en ongedisiplineerdheid.

Persverklaring

VREDENDAL: Radio Namakwaland het op Donderdag, 19 Februarie, tydens 'n spesiale regstreekse uitsending sy omvattende omkeerstrategie aan luisteraars en die breër gemeenskap bekendgestel.

Die uitsending, aangebied deur die dagbestuur onder leiding van Pierre van Heerden, saam met doktor Jan Oosthuizen, pastoor Reggie Strauss, pastoor Jan-Hendrik Kleynhans en spesiale gas en oudbekende Bernard Lamprecht (een van die stigters van die stasie), het gefokus op eerlike selfondersoek, strategiese herposisionering en die herbevestiging van die stasie se roeping binne Namakwaland. Met veranderende ekonomiese omstandighede, tegnologiese uitdagings en finansiële druk, het die dagbestuur besluit om doelbewus en strategies op te tree om die stasie se langtermyn volhoubaarheid te verseker.

Die Omkeerstrategie, wat oor die volgende 12 tot 24 maande geïmplementeer sal word, rus op vier kernpilare:

1. Regte Diagnose - Die bestuur het beklemtoon dat ingeligte besluite slegs geneem kan word op grond van deeglike na-

vorsing, meningspeilings en gemeenskapsbetrokkenheid. 2. Bevestiging van Identiteit - Radio Namakwaland bly 'n Christelike gemeenskapsradio met 'n unieke Namakwaland-karakter. Hierdie identiteit vorm die grondslag van alle inhoud en besluitneming. 3. Kwaliteit-Inhoud - Programontwikkeling sal gerig wees op gesinne, werkende mense, die landbou- en sakegemeenskap, jongmense, bejaardes en plaaswerkers, alles tot eer van God en tot diens van die gemeenskap. 4. Finansiële Volhoubaarheid - Die stasie het oor jare 'n jaarlikse tekort van ongeveer R300 000 ervaar, met selfs 'n belegging van R1 miljoen wat oor tyd opgebruik is.

In reaksie hierop is bedryfskoste binne drie maande verminder van R158 000 na R113 000 per maand deur middel van personeel rasionalisering, konsolidasie van ruimtes, verbeterde debiteure-invoering en heronderhandeling met krediteure.

Vir navrae en betrokkenheid kan Pierre van Heerden, die voorsitter van die direksie by 082 210 7888 gekontak word.



Heellinks adjutant-offisier Davids, middel sersant Gous en heelregs Altus Smit (waarnemende skoolhoof) saam met die leerders.

INDEKS**Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings**

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. REKENAARS
25. KANTOOR-TOERUSTING
26. BOUMATERIAAL
27. BOUWERK / VERF
28. VERVOER
29. AKKOMMODASIE
30. TE HUUR
31. SEKURITEIT / WAPENS
32. FIETSE
33. MASJINERIE/IMPEMENTE
34. ONDERDELE / ENJINS
35. MOTORHERSTELWERK
36. SLEEPWAENS
37. MOTORFIETSE
38. WOONWAENS
39. VOERTUIE
40. EIENDOM
41. BETREKKINGS
42. BLINDINGS
43. ELEKTRIESE-WARE
44. GRASSNYERS
45. TE KOOP
46. TE RUIL

29 AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaiplaat, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.



Stuur jou advertensie inligting na info.onskontrei1@gmail.com of skakel 027 213 2074

NAMAQUA PESKONTROLE

Professionele plaagbeheer waarop jy kan vertrou!

Spuut & beheer van:
Kakkerlakke
muggies, miere, vlooië en ander insekte
Betroubaar & doeltreffend.
Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147

AANLYN-KALENDER 2026

Ons dateer die aanlyn kalender weekliks op.

Alle kerke, skole, sportklubs en instansies, stuur jul belangrike datums na

info.onskontrei1@gmail.com

Besoek ons aanlyn kalender by www.onskontrei.co.za

KENNISGEWING

Vir plasing van kennisgewings, tenders, veilings, betrekkings, gelukwensings, bedankings of enige ander advertensie.

E-pos u inligting na

info.onskontrei1@gmail.com of skakel 027 213 2074

Hoërskool Lutzville deel van 60ste redenaars

Berig en foto's: Verskaf

LUTZVILLE: Dit is die 60ste jaar wat die ATKV-Redenaars aangebied word en Hoërskool Lutzville was Maandag, 16 Februarie weereens deel van die instelling. ATKV-Redenaars gee leerders die platform om hul sê met selfvertroue in Afrikaans te sê, 'n vaardigheid wat hulle in die toekoms aan die voorpunt van hul veld sal plaas. Hierdie kompetisie is een van die ATKV se oudstes en word landswyd, sowel as in Namibië, aangebied vir laerskool- en hoërskoolleerders. Laer- en hoërskoolleerders het hul stemme met oortuiging laat hoor en gewys dat deeglike voorbereiding en dapperheid hand aan hand gaan. Van die jong redenaars in graad 4 tot die seniors in graad 12 het elke deelnemer die gehoor beïndruk.

druk.

Die uitslae van die 2026 plaaslike Redenaarskompetisie is as volg: Voorbereid graad 4 en 5 - 1ste is Annamarië van Wyk en tweede Lizandri van Zyl. Voorbereid en Onvoorbereid graad 6 en 7 - 1ste Elané van Zyl en 2de Gerber van Zyl. Voorbereid graad 8 en 9 - 1ste is Mart-Mari Steenkamp en 2de Lumay Philander. Onvoorbereid graad 8 en 9 - 1ste Lumay Philander en 2de Mart-Mari Steenkamp. Voorbereid graad 10 tot 12 - 1ste Timon Prinsloo, 2de Kita-Mai Vlok, 3de Zyla-Kate Smit, 4de Steffan Dippenaar en 5de Christoff van Zyl. Onvoorbereid graad 10 tot 12 - 1ste Steffan Dippenaar, 2de Wihan van Zyl en 3de Lisa Rossouw.



Elané en Gerber van Zyl.



Die hoërskoolleerders wat deelgeneem het.

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS/PUBLIEKE DEELNAME PROSES
Maintenance Management Plan for maintenance and repairs for flood damage in the Matjies Rivier Nature Reserve, specifically the Ou Karoepad and Trekkloofpad.

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) as amended, and the Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 (as amended) including the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) as amended, and the "Regulations Regarding the Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Appeals", dated 2017.

English:

The Matjies Rivier Nature Reserve is located on various properties, situated within the Cederberg Local and the West Coast District Municipalities. The proposed works are for the maintenance and repair of various roads/tracks that were damaged by floods.

This notification is for I&APs to register should they wish to receive more information, and on the availability of the draft MMP. The 30-day pre-application Public Participation Process for the environmental application will be from Monday, 02 March 2026, until Wednesday, 01 April 2026 (30 days).

More information is available from the EAP, and the draft MMP may be accessed at <https://www.groenbergenviro.co.za/projects/?dir=1874>.

Afrikaans:

Die Matjies Rivier Natuursreservaat is geleë op verskeie eiendomme, wat geleë is in die Cederberg Plaaslike en die Weskus Distrik Munisipaliteite. Die voorgestelde werke is vir die instandhouding en herstel van verskeie paaie wat skade opgedoen het weens oorstromings.

Hierdie advertensie dien vir I&APs om te registreer indien hulle meer inligting wil ontvang en van die beskikbaarheid van die konsep Bestuur en Herstel Plan (30 dae). Die 30-dae Openbare Deelnameproses sal wees vanaf Maandag 02 Maart 2026 tot Woensdag 01 April 2026 duur.

Meer inligting is beskikbaar by die OBP en die vooraansoek konsep Bestuur en Herstelplan kan verkry word by <https://www.groenbergenviro.co.za/projects/?dir=1874>.

NEMA: The following National Environmental Management Act (NEMA) listed activities are triggered:

- Listing Notice 1: Activity 19 and 27
- Listing Notice 3: Activity 12

Date of this notice: 26 February 2026

WULA: The proposed maintenance activities will take place within or in proximity to watercourses and therefore activate listed activities as in Section 21 of the National Water Act, 1998. Section 21(c): Impeding or diverting the flow of water in a watercourse; and Section 21(i): Altering the bed, banks, course, or characteristics of a watercourse.

GroenbergEnviro (Pty) Ltd

PO Box 1058, Wellington, 7654

Details of EAP/OBP: Elanie Kühn, Cell: 082 746 5627, E-mail: elanie@groenbergenviro.co.za

Details of WULA Consultant: Hendri Badenhorst; Cell: 072 178 6835;

E-mail: hendri@groenbergenviro.co.za

**Atlete presteer uitstekend**

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAI: Twee atlete van Laerskool Olifantsvallei het uitstekend presteer by die Boland Atletiekkampioenskappe vir laerskole.

Cady Fortuin, dogters O/12 het 'n tweede plek behaal in die 75m hekkies en die 150 m hekkies.

Riaan Hough, seuns O/12 het

'n derde plek in die diskusgooi behaal.

Die prestasies is die vrug van harde werk, deursettingsvermoë en toewyding. Cady en Riaan gaan op 6 en 7 Maart aan die Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe deelneem. Die personeel wens hulle sterkte toe.



Cady Fortuin en Riaan Hough.

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

SKOLE NUUS



Antonio Pieters, Zaydon van der Westhuizen, Kadri van Reenen, Dimelien Cloete en Leagan van Schalkwyk.

Vanrhynsdorp atlete deur na Boland

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vyf leerders van Hoërskool Vanrhynsdorp is opgeneem in die Noordwes Bolandspan. Hulle is Antonio Pieters- seuns (O/17) 1500m, hoogspring, Zaydon van der Westhuizen- seuns (O/14) 200m en 800m, Kadri van Reenen- dogters (O/17) 800m, Dimelien Cloete- seuns (O/19) 1500m en 5000m en Leagan van Schalkwyk- seuns (O/17) 1500m. Hul gaan 27 en 28 Februarie in die Paarl aan die Bolandbyeenkoms deelneem.

"Believe in yourself, and you will be unstoppable."



CEDERBERG

MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

TENDER NUMBER: CED 15/2025-2026

APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR THE PROVISION, IMPLEMENTATION AND SUPPORT OF A WEB-BASED ELECTRONIC PERFORMANCE MANAGEMENT SYSTEM AND RELATED REQUIREMENTS FOR CEDERBERG MUNICIPALITY

NOTICE NO: 35 /2026

Tenders are hereby invited for the abovementioned services.

Tender documents, in English, are obtainable from Thursday, 26 February 2026, at the reception of Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, between 08:00 and 16:00 (Monday-Thursday) and Friday 08:00 -14:00 or from Melanie Arries at tel.no. 027 482 8000 or melaniek@cederberg.gov.za upon payment of a tender participation fee.

Payment of a non-refundable tender deposit of **R1101.00** (VAT inclusive) is applicable. The amount must be deposited into the Cederberg Municipality's account at Standard Bank, Branch Code: 05-0106, Account No: 082 163 324. The reference number when doing payment is CED 15/2025-2026 – Company Name. Proof of payment is necessary when collecting tender documents.

Tenders in sealed envelopes, endorsed with: **"TENDER NO. CED 15/2025-2026: APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR THE PROVISION, IMPLEMENTATION AND SUPPORT OF A WEB-BASED ELECTRONIC PERFORMANCE MANAGEMENT SYSTEM AND RELATED REQUIREMENTS FOR CEDERBERG MUNICIPALITY"** must be deposited in the Tender Box at the offices of the Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Bids may only be submitted on the bid documentation issued by Cederberg Municipality.

The closing date and time of the tender is **30 March 2026 at 12:00** and tenders will be opened in public immediately thereafter in the Supply Chain Management Committee Room, Clanwilliam Administration.

The Municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender, and/or to re-advertise or reject any tender, or to accept a part of it. The Municipality is not bound to accept the lowest or highest or any tender.

Please refer enquiries to Mr. D Frantz on telephone number: 027 482 8000 or dmitrif@cederberg.gov.za

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135

150022 www.opendatacamp.co.za

Onderwysers trots op toewyding

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Sestien van Clanwilliam Senior Sekondêr se atlete is op 14 Februarie opgeneem in die Noordwes Boland Atletiekspan.

Die atlete gaan die streek met trots ver-

teenwoordig by die Boland Atletiekbyeenkoms wat eerskomende naweek plaasvind.

Die skool en personeel is trots op elke atleet se toewyding.



Die 16 atlete wat in die Noord-Wes Bolandspan opgeneem is.



Die grondslagfase se swemmertjies.

ALG swem medaljes los

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Nege-en-twintig swemmers van Augsburg Landbougimnasium het Donderdag, 19 Februarie aan Pomario se swemgala deelgeneem. Die leerders het teen sterk kompetisie te staan gekom, maar Augsburg is trots op

nege goud, 10 silwer en sewe bronsmedaljes wat hulle huis toe gebring het. Die swemmers oefen hard en die personeel is ongelooflik trots op elkeen. Die skool bedank elke ouer wat die swemmers ondersteun het.



TENDER: AFGEWENTELDE ROETE

Kontrakteurs word hiermee uitgenooi om te tender vir die vervoer van 48 leerders op die volgende roete: **WCE680**

Roetebeskrywing:

Gemagtigde Leerders: 48 leerders

Gemagtigde Kilometers: - 20 km (enkelfaarspad)

* Vanaf LS Klawer na Melkboom afdraai op N7 7.6km

* Vanaf Melkboom afdraai na De Neus Plaas op ruwwe grondpad 12.4km

* Roete word soggens en middag gery

Instrukties:

• Tenders aansoekvorms is beskikbaar by Laerskool Klawer, vanaf Maandag, 02 Maart 2026 om 08:00 tot 14:00.

• Tendervorms is beskikbaar teen R200 per vorm (Nie terug betaalbaar).

• Geen laat aansoek of tenders wat nie op aansoekvorm voltooi is, sal aanvaar word nie.

• Tenders sluit Vrydag, 13 Maart 2026 en moet in 'n verseëlde koevert, voor of op 14:00 by Laerskool Klawer afgelewer word/besorg of ingehandig word.

• Kontraktydperk is vanaf 01 April 2026 tot 31 Maart 2031 ('n 5 jaar siklus/kontrak)

• Kommunikasie sal slegs per e-pos geskied.

Beplan jou besigheid 'n groot verjaardag in 2026?

Kontak ons om promosie opsies te bespreek.

027 213 2074

Skole kompeteer in jaarlikse Driehoekbyeenkoms

Berig: Mariaan Smuts
Foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Die jaarlikse Driehoek atletiekbyeenkoms het Woensdag, 11 Februarie by die Jan Mostertpark plaasgevind. Skole wat deelgeneem het, was Augsburg Landbou-gimnasium, Hoërskool Vredendal en Hoërskool Lutzville. Die drie skole se deelnemers het kragte gemeet in 'n dag vol gesonde kompetisie, sportmanskap en het uitstekende prestasies behaal. Rislia Jordaan van Hoërskool Lutzville was die wenner van die Victrix Ludorum. Lorenzo Loff van Hoërskool Vredendal was die wenner van die Victor Ludorum.

Hoërskool Vredendal het ook die Aflosbeker verower en is aangewys as die skool met die meeste gees. Hoërskool Vredendal was die algehele wenner met 'n totaal van 535 punte. ALG was tweede met 'n totaal van 502 en Hoërskool Lutzville met 481 punte was derde. Hoërskool Vredendal se atlete het verskeie rekords opgestel. Die personeel van ALG wens elke atleet wat deelgeneem het geluk en 'n besondere gelukwensing aan Hoërskool Vredendal wat as algehele wenner uit die stryd getree het.



Hoërskool Vredendal se aflosweners.

Leerders deur na SA Kampioenskappe

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Twee van Olifantsvallei se tweekamp atlete het puik presteer by die Boland Kampioenskappe in Wellington. Barend Spreeth, seuns O/13 het 'n 1ste plek by Boland verwerf. Kate Gey van Pittius, dogters O/13 het 'n 3de plek gekry. Die twee leerders het hard gewerk, deursettings-vermoë en toewyding getoon en hul harde werk het vrugte afgewerp. Die personeel is ongelooflik trots op die leerders se prestasies en die manier waarop hul die skool se naam hooggehou het. Hulle neem die naweek van 21 Maart aan die SA Kampioenskappe deel.



Kate Gey van Pittius en Barend Spreeth.

Skaakspelers by Bo-Weskus Kampioenskappe

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Ses skaakspelers van Pomario Onafhanklike Skool het op Saterdag, 14 Februarie aan die Bo-Weskus Skaakkampioenskappe deelgeneem.

Die kampioenskappe is deur 330 skaakspelers van die Weskusstreek bygewoon. Pomario is geweldig trots op elkeen van hulle skaakspelers wat hul beste gelewer en die skool verteenwoordig het.



Agter is Bryan Jordaan, Xander Ackerman, George Grib, Edriano Bowles en Christiaan Mouton. Voor is Ilhan Juhar.

Eerste liga uitnodiging

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL-NOORD: Die Weskus Tafeltennis Federasie wil graag alle klubs en skole hartlik uitnoodi na hul eerste Sentrale Liga en Ontwikkelings toernooi. Dit sal plaasvind op Saterdag, 28 Februarie by Vergenoeg Primêr te Vredendal-Noord. Toernooi sal om 10:00 begin.

Kategorieë wat gespeel word is: O/9 -, O/11 -, O/13 -, O/15 -, O/19 seuns en dogters. PARA Ope en senior mans en vroue. Registrasiefooi is R10 per persoon. Vir meer inligting kontak Danritsch Booysen by 061 982 9491 of Denvan Bocks by 084 906 5387.



Vredenburg

benodig die dienste van 'n

Gekwalifiseerde Paneelklopper

Verwysings absoluut noodsaaklik.

Indien u geen terugvoering teen 19 Maart 2026 ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

Email: jobs@weskaapbakwerke.co.za
Kontak: Brennon Green
Tel: (022) 715 1624



Super Smalls
4 plasinge teen
R954 BTW uitgesluit



VACANCY

Afrimat Cape Lime
Vredendal has a vacancy

Process Engineer (Vredendal)

Overview:

Afrimat is currently seeking the services of a Process Engineer. The successful candidate will be responsible managing a major Operation as a business unit & ensure Quarry/Factory production targets are met, while upholding conformance to the relevant legislation.

Minimum Qualifications / Experience / Competencies:

- Chemical or Metallurgical Engineering Bachelor's Degree essential.
- Rock Breaking certification advantageous.
- 5-10 years' + operational experience, including a proven track record in managing multi-functional teams.
- Good understanding of quarry planning and processing, development and geology.
- Thorough understanding of plant efficiency requirements and upkeep of maintenance practices.
- Must have a good understanding and knowledge of the Mine Health and Safety Act and associated Regulations.
- Excellent interpersonal and communication skills.
- Planning and decision-making skills.
- The ability to work as part of a team.
- Good leadership and financial skills.
- Advanced computer literacy.
- Must have the ability to work under pressure and be deadline driven.
- Be willing to work after hours.
- Valid Driver's Licence and willing to travel.
- The candidate must be medically fit in terms of the Mine Health and Safety Act and the company standards for medical fitness.

Duties and responsibilities:

- Ensuring compliance with all the requirements of the Mine Health and Safety Act.
- Execute all responsibilities in terms of the legal appointment.
- Achieve financial targets and manage costs in line with budget.
- Implementing business unit strategy.
- Manage the day-to-day operation of the operation and set standards for quality, output and processes.
- Managing employees ensuring all policies and procedures are adhered to and all employees are trained to ensure competence in their roles.
- Ensure all equipment is in good working order and maintained in the specifications as required.
- Ensuring customer satisfaction and liaise with key customers.
- Results orientated, driving a high performing culture and working in a high-pressure environment.
- Behavioural competencies (Afrimat Way).

Please submit the following documents to apply:

- CV
- Certified ID copy
- Copy of highest qualification/s
- Copy of license

Closing date: 4 March 2026

Specify on application/email subject: Process Engineer - Vredendal

Send applications to: recruit.cl@afrimat.co.za

Should you not hear from us within 15 days of the closing date, please consider your application as being unsuccessful.

Afrimat is committed to fair and ethical recruitment practices that sustains consistent delivery towards diversity and inclusion, effective performance and job engagement.

Only short-listed candidates will be contacted. The Company reserves the right not to make an appointment.

Stempels

BESKIKBAAR by

ONS KONTREI

KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

VREDENDAL

TEL: 027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

27 FEBRUARIE 2026

Parkrun/walk

Vredendal: Parc de Lausanne

Vanrhynsdorp: Letsatsi Lodge

Clanwilliam: Veldskoendraai padstal

5km stap of draf

Saterdag - 7:00



Atlete sit met vol arsenaal

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Namaqua Atletieklklub het die jaar afgeskop met 'n vol arsenaal van aktiewe atlete, seniors en juniors. Op Valentynsdag het die gereelde Saterdag-kluboefening in die gees van die dag plaasgevind, en Stephanus en Karin Burger het met die prys as die Valentyne van die Dag weggedraf. Die afgelope naweek het Danie en Sharon Calitz hulle tekkies laat klap: Saterdag die Kanu Trailfun 10km (Danie 1:09:24, Sharon 1:09:13), en Sondag die Milkwood Run by Komme-



Valentyns-atlete in vrolike luim.



Adele Maass.



Elna Esterhuyse.



Alwyn Maass.



Carin Lochner.



Karin Thiart.



Denise Farmer.



Helen Rich.



Bianca Cancelliere.

tjie (Danie 10km: 1:03:33, Sharon 21,1km: 2:22:31). Bianca Cancelliere voltooi die Versus Run Party 21,1km roete deur die wynlande van Stellenbosch in 3:27:48. Tydens die afgelope Algemene Jaarvergadering is die volgende persone tot die bestuur vir 2026 verkies: Adele Maass (voorsitter), Elna Esterhuyse (sekretaresse), Alwyn Maass (tesourier), Karin Thiart, Carin Lochner, Denise Farmer, Helen Rich en Karin Thiart. Belangstellendes kan vir Elna Esterhuyse (083 701 1316) of Adele Maass (083 627 7759) kontak.



Valentysweners Stephanus en Karin Burger.



Danie en Sharon Calitz.

Nuwe naam maak opslae op ovaalbaan

Berig en foto's: Verskaf

VREDENDAL: Lukas Arp, seun van Mario Arp, is reeds besig om sy merk te maak in die Ninja Midget-klas en wys duidelik dat resiesbloed diep in die Arp-familie vloei. As 'n derde generasie "petrolkop" volg hy in die spore van sy pa en oupa, Hendrik Arp, wat self bekend was as 'n moeilike man agter die stuurwiel. Lukas het op, Saterdag, 21 Februarie op die Weskus Ovaal deelgeneem. Hierdie was Lukas se tweede resies op 'n ovaalbaan maar min sou dit kon raai. Met geen vrees en geen teken van terugstaan nie, het hy 'n vertoning gelewer wat toeskouers behoorlik laat regop sit het. Dit was suiwer passie, intense fokus en 'n onmiskenbare "ek is hier om te ry" houding wat hom deur die aand gedra het. Ten spyte van sy jong ouderdom het Lukas met selfvertroue tussen meer ervare jaers meegeding en gewys hy hoort daar. Sy derde plek in die finaal was nie net 'n trofee nie - dit was 'n verklaring. 'n Bewys dat hierdie jong jaer 'n stok kan vat en dat teenstanders binnekort gaan weet hoe smaak "net een loop en dis 'n oop loop." Vir baie in Vredendal was dit 'n oomblik van

trots en dalk ook 'n oomblik van verwondering. Want op sewe jaar oud wys Lukas reeds die tipe vasberadenheid en talent wat groot dinge voorspel. Vredendal het sonder twyfel 'n toekomstige kampioen in hul midde, een wat vir niks terugstaan nie.



Lukas Arp.



Lukas Arp sit voet in die hoek.

Stuur sportklub nuus en datums na

edit.onskontrei1@gmail.com